(a) section 56 (1) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), do hereby amend the regulations promulgated by Government Notices R. 2212 of 7 October 1983, R. 2414 of 4 November 1983 and R. 2568 of 25 November 1983;

(b) artikel 36 (4) van genoemde Wet, wysig hierby die regulasies uitgevaardig by Goewermentskennisgewings 2151 en 2152 van 28 September 1984;

(c) artikel 27 (2A) van genoemde Wet, wysig hierby die verordeninge uitgevaardig by Goewermentskennisgewings R. 2608 van 2 Desember 1983, en 2578, 2579, 2580 en 2581 van 23 November 1984,

soos uiteengesit in bygaande Bylae.

J. C. HEUNIS,

Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

BYLAE

1. *Goewermentskennisgewings R. 2212 van 7 Oktober 1983 en R. 2414 van 4 November 1983*

Die vervanging in elke geval van die omskrywing van "bestuur" in regulasie 1 deur die volgende omskrywing:

" 'bestuur' 'n dorpsraad, 'n dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee bedoel in artikel 2 van die Wet;".

2. *Goewermentskennisgewing R. 2568 van 25 November 1983*

Die vervanging van paragraaf (xx) van regulasie 1 deur die volgende paragraaf:

"(xx) 'plaaslike owerheid' 'n stadsraad, 'n dorpsraad, 'n dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee bedoel in artikel 2 van die Wet;".

3. *Goewermentskennisgewing 2151 van 28 September 1984*

(a) Die vervanging van paragraaf (iii) van regulasie 1 deur die volgende paragraaf:

"(iii) 'plaaslike owerheid' 'n stadsraad, 'n dorpsraad, 'n dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee bedoel in artikel 2 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982);".

(b) Die skrapping van paragraaf (iv) van regulasie 1 van die Afrikaanse teks.

4. *Goewermentskennisgewing 2152 van 28 September 1984*

Die vervanging van paragraaf (iii) van regulasie 1 deur die volgende paragraaf:

"(iii) 'plaaslike owerheid' 'n stadsraad, 'n dorpsraad, 'n dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee bedoel in artikel 2 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982);".

5. *Goewermentskennisgewing R. 2608 van 2 Desember 1983*

Die vervanging van paragraaf (f) van regulasie 1 deur die volgende paragraaf:

"(f) 'plaaslike owerheid' 'n stadsraad, 'n dorpsraad, 'n dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee bedoel in artikel 2 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982);".

6. *Goewermentskennisgewings 2578, 2579, 2580 en 2581 van 23 November 1984*

Die vervanging in elke geval van paragraaf (iv) van regulasie 1 deur die volgende paragraaf:

"(iv) 'plaaslike owerheid' 'n stadsraad, 'n dorpsraad, 'n dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee bedoel in artikel 2 van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982);".

(b) section 36 (4) of the said Act, do hereby amend the regulations promulgated by Government Notices 2151 and 2152 of 28 September 1984;

(c) section 27 (2A) of the said Act, do hereby amend the by-laws promulgated by Government Notices R. 2608 of 2 December 1983, and 2578, 2579, 2580 and 2581 of 23 November 1984,

as set forth in the accompanying Schedule.

J. C. HEUNIS,

Minister of Constitutional Development and Planning.

SCHEDULE

1. *Government Notices R. 2212 of 7 October 1983 and R. 2414 of 4 November 1983*

The substitution in each case for the definition of "council" in regulation 1 of the following definition:

" 'council' shall mean a town council, a town committee or a local authority committee referred to in section 2 of the Act;".

2. *Government Notice R. 2568 of 25 November 1983*

The substitution for paragraph (xvi) of regulation 1 of the following paragraph:

"(xvi) 'local authority' shall mean a city council, a town council, a town committee or a local authority committee referred to in section 2 of the Act;".

3. *Government Notices 2151 and 2152 of 28 September 1984*

The substitution in each case paragraph (ii) of regulation 1 of the following paragraph:

"(ii) 'local authority' means a city council, a town council, a town committee or a local authority committee referred to in section 2 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982);".

4. *Government Notice R. 2608 of 2 December 1983*

The substitution for paragraph (d) of regulation 1 of the following paragraph:

"(d) 'local authority' shall mean a city council, a town council, a town committee or a local authority committee referred to in section 2 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982);".

5. *Government Notices 2578, 2579, 2580 and 2581 of 23 November 1984*

The substitution in each case for paragraph (iii) of regulations 1 of the following paragraph:

"(iii) 'local authority' means a city council, a town council, a town committee or a local authority committee referred to in section 2 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982);".

No. 1844 **5 September 1986**

INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 2033 VAN 16 SEPTEMBER 1983

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 56 (1) (e) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), trek hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2033 van 16 September 1983 in.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

No. 1845 **5 September 1986**

DORPSKOMITEE VAN LEBOHANG.—AANSTELLING VAN ADMINISTRATEURS

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, magtig hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 29A (1) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), menere D. J. Molotshwa, S. Sikhosana en A. M. Morojane om vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing tot en met 31 Julie 1987, al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge van die Dorpskomitee van Lebohang, ingestel by Goewermentskennisgewing R. 1135 van 27 Mei 1983 uit te oefen, te verrig en na te kom.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.
(Lêer A2/14/2/L45)

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 1813 **5 September 1986**

GROOT - LETABA-STAATSWATERBEHEERGEBIED, DISTRIKTE PIETERSBURG EN LETABA, TRANSVAAL.—BEPALING VAN DIE MAKSIMUM OMVANG VAN GROND WAT BESPROEI KAN WORD

1. Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, in my hoedanigheid van Minister van Waterwese, maak hierby ingevolge artikel 63 (1) (b) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), die bepalings van artikel 63 van genoemde Wet op die Groot-Letaba-staatswaterbeheergebied van toepassing. Verder plaas ek ingevolge die bepalings van artikel 63 (11A) van genoemde Wet 'n verbod op die oprigting, verandering of vergroting van 'n waterwerk vir die uitneem, uitkeer, opdamming of opgaring van water uit of in die Groot-Letabarivier, behalwe kragtens 'n permit wat deur my uitgereik is en onderworpe aan die voorwaardes wat in so 'n permit vervat is.

2. Voorts bepaal ek ingevolge artikel 63 (2) (a), gelees met artikel 63 (2A), van genoemde Wet dat die maksimum omvang van grond wat deel uitmaak van elke stuk oewergrond aan die Groot-Letabarivier binne die Groot-Letaba-staatswaterbeheergebied wat met water uit 'n Staatswaterwerk in daardie gebied besproei kan word, soos volg is, mits sodanige grond na die oordeel van 'n inlystingsraad deur my aangestel ingevolge artikel 64 (1) van genoemde Wet, voordelig besproei kan word en bedoelde raad van oordeel is dat genoegsame potensieel besproeibare grond beskikbaar is:

(a) Uitgesonderd 'n stuk grond geleë in die Puselabesproeiingsdistrik, die oppervlakte wat besproei kan word kragtens 'n permit wat ingevolge artikel 62 (1) en 62 (2) van genoemde Wet uitgereik is en nog op datum hiervan geldig is; of

No. 1844 **5 September 1986**

WITHDRAWAL OF GOVERNMENT NOTICE R. 2033 OF 16 SEPTEMBER 1983

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, by virtue of the powers vested in me by section 56 (1) (e) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), do hereby withdraw the regulations promulgated by Government Notice R. 2033 of 16 September 1983.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

No. 1845 **5 September 1986**

TOWN COMMITTEE OF LEBOHANG.—APPOINTMENT OF ADMINISTRATORS

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, do hereby, under and by virtue of the powers vested in me by section 29A (1) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), authorise Messrs D. J. Molotshwa, S. Sikhosana and A. M. Morojane to exercise, perform and fulfil all the rights, powers, functions, duties and obligation of the Town Committee of Lebohang, established by Government Notice R. 1135 of 27 May 1983, from the date of publication of this notice until 31 July 1987.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.
(File A2/14/2/L45)

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 1813 **5 September 1986**

GROOT-LETABA GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DISTRICTS OF PIETERSBURG AND LETABA, TRANSVAAL.—DETERMINATION OF THE MAXIMUM EXTENT OF LAND WHICH MAY BE IRRIGATED

1. I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, in my capacity as Minister of Water Affairs, hereby, in terms of section 63 (1) (b) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), make the provisions of section 63 of the said Act applicable to the said Government Water Control Area. I hereby further also prohibit, in terms of the provisions of section 63 (11A) of the said Act, the construction, alteration, or enlargement of any water work for the abstraction, diversion, impoundment or storage of water from the Great Letaba River except in terms of a permit issued by me and subject to the conditions specified in such a permit.

2. I further determine in terms of section 63 (2) (a), read with section 63 (2A), of the said Act, that the maximum extent of land comprising each piece of land riparian to the Great Letaba River included in the Groot-Letaba Government Water Control Area which can be irrigated by means of water from a Government water work within the said area, shall be as follows, provided that such land can, in the opinion of a scheduling board appointed by me in terms of section 64 (1) of the said Act, be irrigated beneficially and the said board is satisfied that sufficient potentially irrigable land is available:

(a) With the exception of a piece of land situated within the Pusela Irrigation District, that area which can be irrigated in terms of a permit issued in terms of section 62 (1) and 62 (2) of the said Act and which is still valid on the date hereof; or

(b) in die geval van 'n stuk grond ten opsigte waarvan 'n permit soos in (a) hierbo bedoel op datum hiervan nog nie uitgereik is nie, die oppervlakte wat besproei sou kon word kragtens die permit wat uitgereik sou kon gewees het indien 'n aansoek om 'n permit vir daardie grond voor genoemde datum ontvang is, naamlik die volgende:

(i) Basiese toekenning:

$$\frac{21,4}{N} + \frac{(P - 21,4)^{1/5} N^{1/3}}{N} + 5\ \%$$ van die oorblywende potensiaal, waar N die getal besproeibare eiendomme is op naam van 'n enkele eienaar geregistreer tydens beheerdverklaring en P die besproeibare potensiaal van 'n eiendom is binne 'n afstand van 1,6 km vanaf die Groot-Letabarivier en 'n hoogte van 46 meter bokant die rivierbedding; of

(ii) waar die oppervlakte wat op enige stuk grond op die datum waarop dit by genoemde Beheergebied ingesluit is, met water uit die Groot-Letabarivier besproei is, groter is as die toekenning in (i), is die toekenning die oppervlakte aldus besproei tot 'n maksimum van 34 % van die potensiaal van die betrokke grond,

welke oppervlakte ook al die grootste is; of

(c) in die geval van 'n stuk grond geleë in die Pusela-besproeiingsdistrik, die oppervlakte waarvoor dit ingevolge artikel 88 van genoemde Wet op 24 Junie 1982 deur die Pusela-besproeiingsraad ingelys was.

3. Inlysting ingevolge hierdie bepaling vervang enige regte wat ingevolge artikel 62 van genoemde Wet reeds toegestaan is of sou kon word.

4. Voorts bepaal ek ingevolge artikel 63 (2) (b) van genoemde Wet dat die volgende maksimum hoeveelhede water, indien dit beskikbaar is, jaarliks ten opsigte van elke toegekende hektaar grond voorsien mag word:

(a) In Sone 1, wat strek van die Ebenezerdam tot by die bolope van die Fanie Bothadam: 6 620 m^3 water (gelyk aan 'n toediening van 662 mm per jaar).

(b) In Sone 2, wat strek van die Fanie Bothadam tot by die stroomafgrense van die plaas Lanquedoc 563 LT aan die regteroewer en die plaas The Junction 521 LT aan die linkeroewer van die Groot-Letabarivier: 8 920 m^3 water (gelyk aan 'n toediening van 892 mm per jaar).

(c) In Sone 3 wat strek van die stroomafgrense van die plase in paragraaf (b) genoem tot by die grens van die Nasionale Krugerwildtuin: 10 900 m^3 water (gelyk aan 'n toediening van 1 090 mm per jaar).

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Waterwese.

(b) in the case of a piece of land in respect of which a permit as referred to in (a) above has not been issued on the date hereof, the area which could be irrigated in terms of the permit which could have been issued if an application for a permit for that land had been received before the said date, namely:

(i) Basic allocation:

$$\frac{21,4}{N} + \frac{(P - 21,4)^{1/5} N^{1/3}}{N} + 5\ \%$$ of the remaining potential where N is the number of irrigable properties registered in the name of a single owner during proclamation and P is the irrigable potential of a property within a distance of 1,6 km from the Great Letaba River and a height of 46 metres above the riverbed; or,

(ii) where the area irrigated with water from the Great Letaba River on any piece of land on the date on which it was included in the Control Area exceeds the allocation in (i), the allocation shall be the area so irrigated to a maximum of 34 % of the potential of such a piece of land,

whichever area is the largest;

(c) in the case of a piece of land situated within the Pusela Irrigation District, the area for which it was scheduled on 24 June 1982 in terms of section 88 of the said Act by the Pusela Irrigation Board.

3. Scheduling in terms of this determination supersedes any rights already allocated or that could have been allocated in terms of section 62 of the said Act.

4. I further determine in terms of section 63 (2) (b) of the said act that the following maximum quantities of water, if available, may be provided annually in respect of each hectare of land:

(a) In Zone 1 stretching from the Ebenezer Dam to the upper reaches of the Fanie Botha Dam: 6 620 m^3 water (equal to an application of 662 mm per annum).

(b) In Zone 2 stretching from the Fanie Botha Dam to the downstream boundaries of the farm Lanquedoc 563 LT on the right bank and the farm The Junction 521 LT on the left bank of the Great Letaba River: 8 920 m^3 water (equal to an application of 892 mm per annum).

(c) In Zone 3 stretching from the downstream boundaries of the farms mentioned in paragraph (b) to the boundary of the Kruger National Park: 10 900 m^3 water (equal to an application of 1 090 mm per annum).

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Water Affairs.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 593 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

WET OP REËLING VAN GRONDTITELS, 1979

KENNISGEWING VAN VOORNEME OM GROND AAN TE WYS.—DISTRIK SWARTRUGGENS

Ek, Benjamin Hugh Wilkens, Adjunk-minister van Ontwikkeling en van Grondsake, handelende namens die Minister van Kommunikasie van Openbare Werke kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (2) van die Wet

GENERAL NOTICES

NOTICE 593 OF 1986

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

LAND TITLES ADJUSTMENT ACT, 1979

NOTICE OF INTENTION TO DESIGNATE LAND.—DISTRICT OF SWARTRUGGENS

I, Benjamin Hugh Wilkens, Deputy Minister of Development and of Land Affairs, acting on behalf of the Minister of Communication and of Public Works under and by virtue

op Reëling van Grondtitels, 1979 (Wet 68 van 1979), gee hierby kennis dat ek voornemens is om die grond wat in die Bylae hiervan vermeld word, kragtens artikel 2 (1) van die Wet aan te wys.

Persone wat teen die beoogde aanwysing beswaar wil maak, word versoek om voor of op 3 Oktober 1986 hul besware skriftelik by die Direkteur-generaal, Departement van Openbare Werke en Grondsake, Privaatsak X65, Pretoria, 0001, in te dien (Verwysing 2/20/2/11).

B. H. WILKENS,

Adjunk-minister van Ontwikkeling en van Grondsake.

BYLAE

1. Gedeelte 4 van die plaas Rietvallei 406, Registrasieafdeling JP, Transvaal, groot 5,7481 hektaar.
2. Gedeelte 8 van dieselfde plaas, groot 6,5066 hektaar.
3. Restant van Gedeelte 2 van dieselfde plaas, groot 1 083,9027 hektaar.
4. Gedeelte 18 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van dieselfde plaas, groot 5,3376 hektaar.
5. Gedeelte 32 ('n gedeelte van Gedeelte 2) van dieselfde plaas, groot 1,7202 hektaar.

(22-8-5)

(5 September 1986)

of the powers vested in him by section 2 (2) of the Land Titles Adjustment Act, 1979 (Act 68 of 1979), hereby give notice that I intend to designate the land specified in the Schedule hereto, under section 2 (1) of the said Act.

Persons who wish to object to the intended designation are invited to lodge their objections in writing with the Director-General, Department of Public Works and Land Affairs, Private Bag X65, Pretoria, 0001, on or before 3 October 1986 (Reference 2/20/2/11).

B. H. WILKENS,

Deputy Minister of Development and of Land Affairs.

SCHEDULE

1. Portion 4 of the farm Rietvallei 406, Registration Division JP, Transvaal, in extent 5,7481 hectares.
2. Portion 8 of the same farm, in extent 6,5066 hectares.
3. Remainder of Portion 2 of the same farm, in extent 1 083,9027 hectares.
4. Portion 18 (a portion of Portion 2) of the same farm, in extent 5,3376 hectares.
5. Portion 32 (a portion of Portion 2) of the same farm, in extent 1,7202 hectares.

(22-8-5)

(5 September 1986)

KENNISGEWING 616 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

STAATSGROND PER OPENBARE TENDER TE KOOP AANGEBIED

Hiermee word kennis gegee dat bogenoemde Departement ondergenoemde staatsgrond per openbare tender te koop aanbied en tenders vir die koop daarvan vra kragtens die bepalings van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961:

1. Gedeelte 8 ('n gedeelte van Gedeelte 4) van die plaas Erasmus 529, distrik Mopane, Registrasieafdeling MS, Transvaal, groot 1 643 m².
2. Erf 87, geleë in die dorp Westenburg, Pietersburg, Registrasieafdeling LS, Transvaal, groot 2 093 m².
3. Gedeelte 1 van Gedeelte F van die plaas Wildebeestlaagte 99, Klerksdorp, Registrasieafdeling IP, Transvaal, groot 248 m².
4. Erf 337, geleë in die dorp Elandsrand, Registrasieafdeling JQ, Transvaal, groot 1 556 m².
5. Erf 32, geleë in die dorp Groblersdal, Registrasieafdeling JS, Transvaal, groot 3 264 m².
6. Erf 115, geleë in die dorpsgebied Bronberrik, distrik Pretoria, Registrasieafdeling JR, Transvaal, groot 1 534 m².
7. Erf 672, geleë in die dorp Constantiapark-uitbreiding 1, Registrasieafdeling JR, Transvaal, groot 1 538 m².
8. Erf 235, geleë in die dorp Florauna, Registrasieafdeling JR, Tramsvaal, groot 1 500 m².
9. Erf 144, geleë in die dorp Val-de-Grace, Registrasieafdeling JR, Transvaal, groot 1 983 m².
10. Erf 664, geleë in die dorp Pierre van Ryneveld-uitbreiding 1, Registrasieafdeling JR, Transvaal, groot 990 m².
11. Erf 665, geleë in die dorp Pierre van Ryneveld-uitbreiding 1, Registrasieafdeling JR, Transvaal, groot 1 567 m².

NOTICE 616 OF 1986

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

STATE-OWNED LAND OFFERED FOR PURCHASE BY PUBLIC TENDER

Notice is hereby given that the above-mentioned Department offers for purchase by public tender the undermentioned State-owned land and invites tenders for its purchase in terms of the provisions of the State Land Disposal Act, 1961:

1. Portion 8 (a portion of Portion 4) of the farm Erasmus 529, Mopane District, Registration Division MS, Transvaal, measuring 1 643 m².
2. Erf 87, situate in the Town of Westenburg, Pietersburg, Registration Division LS, Transvaal, measuring 2 093 m².
2. Portion 1 of Portion F of the farm Wildebeestlaagte 99, Klerksdorp, Registration Division IP, Transvaal, measuring 248 m².
4. Erf 337, situate in the Town of Elandsrand, Registration Division JQ, Transvaal, measuring 1 556 m².
5. Erf 32, situate in the Town of Groblersdal, Registration Division JS, Transvaal, measuring 3 264 m².
6. Erf 115, situate in the Township of Bronberrik, District of Pretoria, Registration Division JR, Transvaal, measuring 1 534 m².
7. Erf 672, situate in the Town of Constantia Park Extension 1, Registration Division JR, Transvaal, measuring 1 538 m².
8. Erf 235, situate in the Town of Florauna, Registration Division JR, Transvaal, measuring 1 500 m².
9. Erf 144, situate in the Town of Val-de-Grace, Registration Division JR, Transvaal, measuring 1 983 m².
10. Erf 664, situate in the Town of Pierre van Ryneveld Extension 1, Registration Division JR, Transvaal, measuring 990 m².
11. Erf 665, situate in the Town of Pierre van Ryneveld Extension 1, Registration Division JR, Transvaal, measuring 1 567 m².

12. Erf 1424, geleë in die dorp Brits-uitbreiding 10, Registrasieafdeling JQ, Transvaal, groot 992 m².
13. Gedeelte 67 ('n gedeelte van Gedeelte 60) van die plaas Naauwpoort 385, Registrasieafdeling IQ, Transvaal, groot 961 m².

Tenders sluit om 11h00 op 14 Oktober 1986. Tendervorms is verkrygbaar by die Posmeester-generaal, Posbus 2648, Pretoria, 0001, of Kamer 2210, P & T Hoofkantoor, Vermeulenstraat 178, Pretoria, 0002 [Telefoon (012) 293-2332], of by die Streekdirekteur, Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, Privaatsak X264, Pretoria, 0001 [Telefoon (012) 29-7291].

(5 September 1986)

KENNISGEWING 617 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN LANDBOU

KENNISGEWING VAN ONTEIENING

Verwysing: L4005/3865/4

Aan:

Alle fideikommissêre, houers van regte en vruggebruik

1. Geliewe kennis te neem dat die Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou, kragtens die bepalings van artikel 38 (1) (a) van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), op 9 April 1986 goedgekeur het dat die volgende onroerende goed ten behoewe van die Gemeenskapsontwikkelingsraad (hierna die Raad genoem), ingestel by artikel 2 van die genoemde Wet op Gemeenskapsontwikkeling, onteien word en dat die betrokke onroerende goed hierby onteien word:

Onderverdeling 12 van T van Cato Manor 812, in die stad Durban, provinsie Natal, groot 2 975 m².

2. Die onteiening word van krag op datum van publikasie hiervan op welke datum die reg wat hierby onteien word, in die Raad gevestig word.

3. Ingevolge die bepalings van die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), word u hierby versoek om binne 60 dae vanaf die kennisgewingsdatum, aan my by die adres onderaan hierdie kennisgewing gemeld, 'n skriftelike verklaring te lewer of te laat lewer, waarin die volgende aangedui word:

(a) Wat die totale bedrag is wat u as vergoeding eis en hoeveel van die totale bedrag wat u eis onderskeidelik werklike geldelike verlies en ongerief soos in artikel 12 (1) (b) bedoel, verteenwoordig asook volledige besonderhede van die samestelling van die onderskeie bedrae.

(b) Die adres waarheen u verlang dat verdere stukke in verband met die onteiening aan u gepos kan word.

4. Verder word u hierby versoek om binne 60 dae vanaf die kennisgewingsdatum aan my die titelbewys(e) van die onteiende goed te lewer of te laat lewer of indien dit nie in u besit of onder u beheer is nie, skriftelike besonderhede van die naam en adres van die persoon in wie se besit of onder wie se beheer dit is, te lewer of te laat lewer.

5. Verdere besonderhede in verband met die kennisgewing van onteiening en die onteiening, is op aanvraag verkrygbaar by die onderstaande adres.

Gedateer te Durban op hierdie 21ste dag van Augustus 1986.

.....

Streekdirekteur

Adres: Privaatsak X54313, Durban, 4000.

(5 September 1986)

12. Erf 1424, situate in the Town of Brits Extension 10, Registration Division JQ, Transvaal, measuring 992 m².
13. Portion 67 (a portion of Portion 60) of the farm Naauwpoort 385, Registration Division IQ, Transvaal, measuring 961 m².

Tenders close at 11h00 on 14 October 1986. Tender forms are obtainable from the Postmaster General, P.O. Box 2648, Pretoria, 0001, or Room 2210, P & T Headquarters, 178 Vermeulen Street, Pretoria, 0002 [Telephone (012) 293-2332] or from the Regional Director, Department of Posts and Telecommunications, Private Bag X264, Pretoria, 0001 [Telephone (012) 29-7291].

(5 September 1986)

NOTICE 617 OF 1986

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUSING AND AGRICULTURE

NOTICE OF EXPROPRIATION

Reference: L4005/3865/4

To:

All fideicommissaries, right holders and usufruct holders

1. Please take notice that on 9 April 1986 the Minister of Local Government, Housing and Agriculture approved, in terms of the provisions of section 38 (1) (a) of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), that the following immovable property be expropriated on behalf of the Community Development Board (hereinafter referred to as the Board), established under section 2 of the said Community Development Act, and that the immovable property in question is hereby expropriated:

Subdivision 12 of T of Cato Manor 812, situate in the City of Durban, Administrative District of Natal, in extent 2 975 m².

2. The expropriation takes effect on date of publication hereof on which date the ownership in respect of the expropriated property, passes to the Board.

3. In terms of the provisions of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), you are hereby requested to deliver or cause to be delivered to me within 60 days from the date of notice, at the address stated at the bottom of this notice, a written statement in which the following are indicated:

(a) The total amount claimed by you as compensation and how much of the total amount claimed by you, represents each of the respective amounts contemplated in section 12 (1) (b) of the said Expropriation Act as well as full particulars as to the composition of the respective amounts.

(b) The address to which you desire that further documents in connection with the expropriation be posted to you.

4. Furthermore, you are hereby requested to deliver or cause to be delivered to me within 60 days from the said date of notice, your title deed(s) of the expropriated property or, if it is not in your possession or under your control, written particulars of the name and address of the person in whose possession or under whose control it is.

5. Further particulars in connection with the expropriation notice and the expropriation, are available on request at the undermentioned address.

Dated at Durban on this 21st day of August 1986.

.....

Regional Director

Address: Private Bag X54313, Durban, 4000.

(5 September 1986)

KENNISGEWING 621 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

WYSIGING VAN DIE TARIEFLYS VIR TELEKOMMUNIKASIEDIENSTE

Hiermee word ingevolge artikel 2B (3A) van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), bekend gemaak dat die Posmeester-generaal, handelende kragtens artikel 2B (1) (e) van genoemde Wet en met die goedkeuring van die Minister van Kommunikasie en van Openbare Werke, bepaal het dat die gelde uiteengesit in onderstaande Bylae ten opsigte van die betrokke dienste geëis of ontvang moet word.

BYLAE

1.0 In hierdie Bylae beteken die uitdrukking "die Tarieflys" die Tarieflys vir Telekommunikasiedienste afgekondig by Goewermentskennisgewing 1192 van 1 Julie 1977, soos gewysig.

2.0 Die Tarieflys word hierby soos volg verder gewysig:

2.1 Voeg die volgende nuwe item in:

"22.10	Programmering wat in teleksentrale ten behoewe van 'n kliënt onderneem word, per aansluiting, per geleentheid	25,00	—".

(5 September 1986)

KENNISGEWING 622 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Adam Johannes Jacobus Barnard, Assistent-nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 4 (2) soos toegepas by artikel 7 (5) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, hierby bekend dat 'n aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Catering Employees' Union. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekrag, Mannekraggebou 449, Schoemanstraat 215, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

Naam van werkgewersorganisasie/vakvereniging.—Catering Employees' Union.

Datum waarop aansoek ingedien is.—16 Junie 1986.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Blanke, Kleurling- en Asiërwerknemers in diens in die Verversingsbedryf in die landdrosdistrikte Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs en Westonaria.

"Verversingsbedryf" beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om maaltye en/of toebroodjies en/of verversings te verskaf in of van enige inrigting, hetsy permanent, tydelik, binnenshuis of in die buitelug, en dit omvat sodanige aktiwiteite wat verrig word in persele—

(i) gebruik as openbare restourante, vis-en-skyfiewinkels, kafees of teekamers; en/of

NOTICE 621 OF 1986

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

AMENDMENT OF THE TARIFF FOR TELECOMMUNICATION SERVICES

It is hereby made known, in terms of section 2B (3A) of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958), that the Postmaster General, acting under section 2B (1) (e) of the said Act and with the approval of the Minister of Communications and of Public Works, has determined that the fees set out in the undermentioned Schedule are to be demanded or received in respect of the services concerned.

SCHEDULE

1.0 In this Schedule the expression "the Tariff" means the Tariff for Telecommunication Services promulgated under Government Notice 1192 of 1 July 1977, as amended.

2.0 The Tariff is hereby further amended as follows:

2.1 Insert the following new item:

"22.10	Programming undertaken in telex exchange on behalf of a client, per connection, per occasion	25,00	—".

(5 September 1986)

NOTICE 622 OF 1986

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Adam Johannes Jacobus Barnard, Assistant Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) as applied by section 7 (5) of the Labour Relations Act, 1956, give notice that an application for the variation of its scope of registration has been received from the Catering Employees' Union. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower, 449 Manpower Building, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

TABLE

Name of trade union.—Catering Employees' Union.

Date on which application was lodged.—16 June 1986.

Interests and area in respect of which application is made.—White, Coloured and Asian employees employed in the Catering Trade in the Magisterial Districts of Alberton, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Krugersdorp, Randburg, Randfontein, Roodepoort, Springs and Westonaria.

"Catering Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purposes of providing meals and/or sandwiches and/or refreshments in or from any establishment, whether permanent, temporary, indoors or in the open air, and includes such activities carried on in premises—

(i) used as public restaurants, fish and chip shops, cafés or tea rooms; and/or

(ii) waarvandaan maaltye en/of nie-alkoholiese verversings verskaf word; en/of

(iii) waarin spuit- of mineraalwater in glase of ander houers verskaf word vir verbruik daarop;

(iv) waarin of waarvandaan voormelde aktiwiteite verrig word ten opsigte van of in verband met enige teater, bioskoop, kafee-bioskoop of ander vermaak of funksie;

(v) ten opsigte waarvan 'n wyn-en-bierlisensie of 'n restourant-dranklisensie gehou word kragtens die Drankwet, 1977, welke lisensie eers na 17 Mei 1938 verkry is en waarin die hoofaktiwiteite binne die bestek van paragrawe (i), (ii), (iii) of (iv) val,

maar dit omvat nie sodanige aktiwiteite nie wat verrig word in—

(a) ander persele as dié bedoel in paragraaf (v) ten opsigte waarvan enige dranklisensie gehou word;

(b) losieshuise of enige inrigting wat voedsel of verversings uitsluitlik aan Swartes verskaf:

Met dien verstande dat enige uitsluiting uit die bestek van hierdie omskrywing ten opsigte van persele met 'n dranklisensie slegs geag word daardie gedeelte van die betrokke persele uit te sluit waarin die verkoop van drank toegelaat word deur die dranklisensies wat gehou word deur die werkgewer wat die houer is van genoemde lisensies:

Met dien verstande voorts dat kragtens die Afbakeningsvasstelling van 25 Maart 1975, gemaak deur die Nywerheidshof, die "Verversingsbedryf"—

(a) die verkoop en/of die verskaffing omvat van eetgoed, dranke, maaltye, toebroodjies, verversings en/of spuit- of mineraalwater aan persone wat vertonings by inrybioskope bywoon, soos uitgeoefen deur werkgewers in diens in die Bioskoop- en Skouburgbedryf soos omskryf in die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2336 van 30 Desember 1970;

(b) nie die verkoop en/of verskaffing omvat nie van eet- of drinkgoed, maaltye, toebroodjies, verversings en/of spuit- of mineraalwater aan persone wat vertonings bywoon by bioskope of kafee-bioskope of wat teaterproduksies bywoon, soos verrig word deur werkgewers betrokke by die Bioskoop- en Skouburgbedryf soos omskryf in die Ooreenkoms waarna verwys word in (a) hierbo.

Belange en gebied ten opsigte waarvan registrasie gehou word.—Die Verversingsbedryf soos hieronder omskryf in die landdrosdistrikte Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Roodepoort en Springs, soos daardie gebiede saamgestel is op 4 Maart 1943.

"Verversingsbedryf" beteken die bedryf waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om maaltye en/of toebroodjies en/of verversings te verskaf in of van enige inrigting, hetsy permanent, tydelik, binnenshuis of in die buitelug, en dit omvat sodanige aktiwiteite wat verrig moet word in persele—

(i) gebruik as openbare restourante, vis-en-skyfiewinkels kafees of teekamers; en/of

(ii) waarvandaan maaltye en/of nie-alkoholiese verversings verskaf word; en/of

(iii) waarin spuit- of mineraalwater in glase of ander houers verskaf word vir verbruik daarop;

(iv) waarin of waarvandaan voormelde aktiwiteite verrig word ten opsigte van of in verband met enige teater, bioskoop, kafee-bioskoop of ander vermaak of funksie;

(ii) from which meals and/or non-alcoholic refreshments are supplied; and/or

(iii) in which aerated or mineral waters in glasses or other containers are supplied for consumption thereon;

(iv) in which or from which the activities hereinbefore referred to are carried on in respect of or in connection with any theatre, cinema, tearoom cinema or other entertainment or function;

(v) in respect of which a wine and malt liquor licence or a restaurant liquor licence is held in terms of the Liquor Act , 1977, which licence wat first obtained after 17 May 1938, and in which the main activities fall within the scope of paragraphs (i), (ii), (iii) or (iv),

but does not include such activities carried on in—

(a) premises other than those referred to in paragraph (v) in respect of which any liquor licence is held;

(b) boarding houses or any establishments catering exclusively for Black persons:

Provided that any exclusion from the scope of this definition in respect of liquor- licensed premises shall only be deemed to exclude that portion of the premises concerned in which the sale of liquor is permitted by the liquor licences held by the employer who is the holder of the said licences:

Provided further that in terms of the Demarcation Determination dated 25 March 1975, made by die Industrial Tribunal, "Catering Trade" shall—

(a) include the sale and/or provision of edibles, beverages, meals, sandwiches, refreshments and/or aerated or mineral waters to persons attending performances at drive-in cinemas, as carried on by employers engaged in the Cinematograph and Theatre Industry as defined in the Agreement published under Goverment Notice R. 2336 of 30 December 1970;

(b) not include the sale and/or provisions of edibles, beverages, meals, sandwiches, refreshments and/or aerated or mineral waters to persons attending performances at cinemas or tearoom cinemas or attending theatrical productions, as carried on by employers engaged in the Cinematograph and Theatre Industry as defined in the Agreement referred to in (a) above.

Interests and area in respect of which registration is held.—The Catering Trade as defined hereunder in the Magisterial District of Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Johannesburg, Krugersdorp, Roodepoort and Springs as those areas were constituted as at 4 March 1943.

"Catering Trade" means the trade in which employers and employees are associated for the purposes of providing meals and/or sandwiches and/or refreshments in or from any establishment, whether permanent, temporary, indoors or in the open air, and includes such activities carried on in premises—

(i) used as public restaurants, fish and chip shops, cafés or tea rooms; and/or

(ii) from which meals and/or non-alcoholic refreshments are supplied; and/or

(iii) in which aerated or mineral waters in glasses or other containers are supplied for consumption thereon;

(iv) in which or from which the activities hereinbefore referred to are carried on in respect of or in connection with any theatre, cinema, tearoom cinema or other entertainment or function;

(v) ten opsigte waarvan 'n wyn-en-bierlisensie of 'n restourant-dranklisensie gehou word kragtens die Drankwet, 1977, welke lisensie eers na 17 Mei 1938 verkry is en waarin die hoofaktiwiteite binne die bestek van paragrawe (i), (ii), (iii) of (iv) val,

Maar dit omvat nie sodanige aktiwiteite nie wat verrig word in—

(a) ander persele as dié bedoel in paragraaf (v) ten opsigte waarvan enige dranklisensie gehou word

(b) losieshuise of enige inrigting ten opsigte waarvan 'n Naturelle Eethuishouerslisensie vereis word:

Met dien verstande dat enige uitsluiting uit die bestek van hierdie omskrywing ten opsigte van persele met 'n dranklisensie slegs geag word daardie gedeelte van die betrokke persele uit te sluit waarin die verkoop van drank toegelaat word deur die dranklisensies wat gehou word deur die werkgewer wat die houer is van genoemde lisensies:

Met dien verstande voorts dat kragtens die afbakeningsvasstelling van 25 Maart 1975, gemaak deur die Nywerheidshof, die "Verversingsbedryf"—

(a) die verkoop en/of die verskaffing omvat van eetgoed, dranke, maaltye, toebroodjies, verversings en/of spuit- of mineraalwater aan persone wat vertonings by inrybioskope bywoon, soos uitgeoefen deur werkgewers in diens in die Bioskoop- en Skouburgbedryf soos omskryf in die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2336 van 30 Desember 1970;

(b) nie die verkoop en/of verskaffing omvat nie van eet- en drinkgoed, maaltye, toebroodjies verversings en/of spuit- of mineraalwater aan persone wat vertonings bywoon by bioskope of kafee-bioskope of wat teaterproduksie bywoon, soos verrig word deur werkgewers betrokke by die Bioskoop- en Skouburgbedryf soos omskryf in die ooreenkoms waarna verwys word in (a) hierbo.

Posadres van applikant.—Posbus 81338, Parkhurst, 2120.

Kantooradres van applikant.—Eerste Verdieping, His Majesty'sgebou, hoek van Joubert- en Commissionerstraat, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

A. J. J. BARNARD,

Assistent-nywerheidsregistrateur.

(5 September 1986)

(v) in respect of which a wine and malt liquor licence or a restaurant liquor licence is held in terms of the Liquor Act, 1977, which licence wat first obtained after 17 May 1938, and in which the main activities fall within the scope of paragraphs (i), (ii), (iii) or (iv),

but does not include such activities carried on in—

(a) premises other than those referred to in paragraph (v) in respect of which any liquor licence is held;

(b) boarding houses or any establishment in respect of which a Native eating house licence is required:

Provided that any exclusion from the scope of this definition in respect of liquor-licensed premises shall only be deemed to exclude that portion of the premises concerned in which the sale of liquor is permitted by the liquor licences held by the employer who is the holder of the said licences:

Provided further that in terms of the Demarcation Determination dated 25 March 1975, made by the Industrial Tribunal, "Catering Trade" shall—

(a) include the sale and/or provision of edibles, beverages, meals, sandwiches, refreshments and/or aerated or mineral waters to persons attending performances at drive-in cinemas, as carried on by employers engaged in the Cinematograph and Theatre Industry as defined in the Agreement published under Government Notice R. 2336 of 30 December 1970;

(b) not include the sale and/or provision of edibles, beverages, meals, sandwiches, refreshments and/or aerated or mineral waters to persons attending performances at cinemas or tearoom cinemas or attending theatrical productions, as carried on by employers engaged in the Cinematograph and Theatre Industry as defined in the Agreement referred to in (a) above.

Postal address of applicant.—P.O. Box 81338, Parkhurst 2120.

Office address of applicant.—First Floor, His Majesty's Building, corner of Joubert and Commissioner Streets, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of section 4 and 7 of the Act:

(a) The representativeness of any trade union which objects to the application shall in terms of section 4 (4) as applied by section 7 (5) be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

A. J. J. BARNARD,

Assistant Industrial Registrar.

(5 September 1986)

KENNISGEWING 623 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Adam Johannes Jacobus Barnard, Assistent-nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens artikel 14 (1) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, bekend dat aangesien ek rede het om te vermoed dat die Tramway Officials Staff Association nie as vakvereniging funksioneer nie, sy registrasie ingetrek sal word, tensy redes daarteen binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aangevoer word.

A. J. J. BARNARD,
Assistent-nywerheidsregistrateur.

(5 September 1986)

KENNISGEWING 624 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Adam Johannes Jacobus Barnard, Assistent-nywerheidsregistrateur, maak ingevolge artikel 42 (2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, hierby bekend dat 'n aansoek om die registrasie ontvang is van die Transvaal Association of Employees of Black Local Authorities. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrek.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekrag, Mannekraggebou 449, Schoemanstraat 215, Pretoria, (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

Name van vakvereniging.—Transvaal Association of Employees of Black Local Authorities.

Datum waarop aansoek ingedien is.—26 Junie 1986.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Alle werknemers in diens van Swart plaaslike owerhede in die landdrosdistrikte Alberton, Barberton Belfast, Benoni, Boksburg, Carolina, Ermelo, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg (Tvl.), Nelspruit, Pelgrimsrus, Pretoria, Roodepoort, Springs, Vereeniging, Warmbad en Witbank.

"Swart Plaaslike Owerhede" beteken 'n stadsraad, dorpsraad, dorpskomitee of 'n plaaslike owerheidskomitee wat ingestel is kragtens die Wet op Swart Plaaslike Besture, Wet 102 van 1982, soos gewysig, en sal, tensy uit die samehang anders blyk, enige ander dergelike instellings of liggame insluit waarna verwys word in artikel 84 (1) (f) van die Wet op Provinsiale Bestuur, 1961 (Wet 32 van 1961).

"Plaaslike Owerheidsonderneming" beteken die onderneming waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is vir die instelling, voortsetting en afhandeling van enige handeling, skema of aktiwiteit wat deur 'n plaaslike owerheid onderneem word.

Posadres van applikant.—Posbus 90, Atteridgeville, 0008.

Kantooradres van applikant.—Posbus 90, Atteridgeville.

NOTICE 623 OF 1986

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CANCELLATION OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Adam Johannes Jacobus Barnard, Assistant Industrial Registrar, hereby notify, in terms of section 14 (1) of the Labour Relations Act, 1956, that as I have reason to believe that the Tramway Officials Staff Association is not functioning as trade union its registration will be cancelled unless cause to the contrary is shown within a period of 30 days from the date of publication of this notice.

A. J. J. BARNARD,
Assistant Industrial Registrar.

(5 September 1986)

NOTICE 624 OF 1986

DEPARTMENT OF MANPOWERS

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Adam Johannes Jacobus Barnard, Assistant Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) of the Labour Relations Act, 1956, give notice that an applicaiton for registration has been received from the Transvaal Association of Employees of Black Local Authorities. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower, 449 Manpower Building, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publicaion of this notice.

TABLE

Name of trade union.—Transvaal Association of Employees of Black Local Authorities.

Date of which application was lodged.—26 June 1986.

Interests and area in respect of which application is made.—All employees engaged in the service of Black local authorites in the Magisterial Districts of Alberton, Barberton, Belfast, Benoni, Boksburg, Carolina, Ermelo, Germiston, Johannesburg, Kempton Park, Klerksdorp, Krugersdorp, Middelburg (Tvl), Nelspruit, Pilgrim's Rest, Pretoria, Roodepoort, Springs, Vereeniging, Warmbaths and Witbank.

"Black Local Authority" means a city council, a town council, a town committee or a local authority committee established in terms of the Black Local Authorities Act, No. 102 of 1982, as amended, and unless the contrary intention appears, shall include any other similar intitutions or bodies referred to in section 84 (1) (f) of the Provincial Government Act, 1961 (Act 32 of 1961).

"Local Authority Undertaking" means the undertaking in which employers and their employees are associated for the institution, continuation and completion of any action, scheme or activity undertaken by a local authority.

Postal address of applicant.—P.O. Box 90, Atteridgeville, 0008.

Office address of applicant.—P.O. Box 90, Atteridgeville.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikel 4 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, word ingevolge subartikel (4) bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

(b) Die prosedure voorgeskryf by subartikel (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

A. J. J. BARNARD,
Assistent-nywerheidsregistrateur.
(5 September 1986)

KENNISGEWING 625 VAN 1986

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

AANSTELLING AS WAARNEMENDE POSMEESTER-GENERAAL

Daar word vir algemene inligting bekendgemaak dat goedkeuring verleen is vir die aanstelling van mnr. Johannes Stephanus George Janse van Rensburg, Adjunkposmeester-generaal, Bemarking en Hulpdienste as waarnemende Posmeester-generaal gedurende die tydperk 1 September 1986 tot 9 Oktober 1986.
(5 September 1986)

KENNISGEWING 626 VAN 1986

KENNISGEWING VAN ONTEIENING KRAGTENS ARTIKEL 13 (1) VAN DIE ONTWIKKELINGSTRUST EN GROND WET, 1936 (WET 18 VAN 1936)

Aan:

(1) Ramburan (gebore 10 November 1926), mede-eienaar,

(2) Sunker (gebore 8 Februarie 1928), mede-eienaar,

(3) Suknanan (gebore 1906), mede-eienaar, en

